Min vroue neem deel aan sport en rekreasie. Hul deelname aan georganiseerde sport is minder as 50% van mans se deelname. Daarom is dit belangrik om die wanbalans onder die loep te neem deur meer gestruktureerde geleenthede vir gereelde deelname aan alle sportverwante aspekte te skep.

Baie meisies en vroue staak sportdeelname na skool en min sluit by sportklubs aan.

ONS RIGLYN

Om vroue en meisies se deelname aan sport- en rekreasieprogramme te bevorder en te fasiliteer.

ONS DOEL

Om 'n kultuur te skep wat die status van vroue in sport en rekreasie sal erken en om vroue aan te spoor om aktief by alle aspekte van sport en rekreasie betrokke te raak.

ONS DOELWITTE

Die Departement bevorder vroue se aktiewe deelname aan sport, administrasie en komitees deur die volgende strategieë toe te pas:

Departement van Kultuursake en Sport

VISIE

'n Dinamiese sport- en kultuurspan wat dienste van gehalte lewer aan die mense wat ons dien.

MISSIE

Om sport en kultuur te bevorder en te transformer tot die welsyn, byeenbring en voordeel van die mense wat ons dien.

DOELWITTE

- Om in ons strewe na gehaltediens, bronne doeltreffend, bekwaam en ekonomies te benut
- Goeie korporatiewe regering
- Doeltreffende inskakeling by en samewerking met ons vennote
- Om ons self as deskundiges op ons gebied te bewys
- Om die Provinsie as die sportmekka van Suid-Afrika en Afrika te bemark
- Om oor doetreffende beplanningstelsels en -prosesse te beskik
- Om praktiese uitvoering aan Batho Pele te gee
- Om die span te ontwikkel
- Om tot die eenheidsgevoel van die mense van ons provinsie by te dra

Wes-Kaapse Departement van
Kultuursake en Sport
Navrae 0860 142 142

www.westerncape.gov.za/cultureandsport

Hierdie brosjure is ook in Engels en Xhosa beskikaar.

VROUE IN SPORT EN REKREASIE

Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport
Isebe Lemicimbi yeNkcubeko NeMidlalo



Verhoog vroue se deelname aan sport

- Gebruik hoëprofiel-vroueatlete by byeenkomste.
- Bevorder geslagsgelykheid in federasies in administrasie, deelname, optrede as baanbeamptes en afrigting in al die sportkodes.

Bevorder sportsoorte waaraan vroue deelneem

- Maak die publiek bewus van sportsoorte waaraan vroue deelneem.
- Versoek federasies om die aantal vroue wat aan alle sportverwante aspekte deelneem, jaarliks met 10% te verhoog. (Dit stem ooreen met die internasionaal aanvaarde Olimpiese handves.)

Bevorder en gebruik hoëprofiel-vroueatlete in sport

- Gebruik en bevorder hoëprofiel-vroueatlete by sportbyeenkomste.
- Gebruik vrouetydskrifte om hierdie atlete te bevorder.
- Gee die publiek meer blootstelling aan hoëprofiel-vroueatlete.

Maak geriewe en programme meer toeganklik vir vroue

- Reël programme wat spesifiek gerig is op deelname deur vroue en bevorderlik is daarvoor.
- Bevorder en moedig kindersorggeriewe by lokale en byeenkomste aan. (Dit skep boonop werk vir vroue.)

Verhoog die getal leierskapsposisies vir vroue in sport en rekreasie

- Verskaf en inisieer onderrig- en opleidingskursusse om vroue toe te rus vir leierskapsposisies om gelyke verteenwoordiging op komitees as bestuurders, afrigters en beamptes te kry.

Stig 'n liggaamsopvoedingeenheid vir leerkragte

- Help leerkragte om oorbruggingsprogramme by skole op te stel om jong meisies aan te spoor om aan sport deel te neem.

ROLSPELERS

- *Federasies waar vroue goed verteenwoordig is en diegene wat vroue se vermoë in hul spesifieke kode verhoog*
- *Die Departement van Sport en Ontspanning*
- *Plaaslike owerhede wat sport- en ontspanningsgeriewe voorsien*
- *Privaatsektor- en sport- en ontspanningsborge*
- *Media*
- *Organisasies wat vroue steun*
- *Nie-regeringsorganisasies*
- *Wes-Kaapse Sportforum*

FINANSIERING

Die Departement van Kultuursake en Sport verskaf finansiering vir programme wat deur federasies gereël word.